| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 9 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B soos voorgeskryf deur die inhoudsraamwerk in die KABV dokument.**

2. ***AFDELING A*** bestaan uit ***DRIE*** brongebaseerde vrae. Die bronmateriaal wat benodig word om die vrae te beantwoord, kan in die **ADDENDUM** gevind word.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's tot 1980's: SUID-AFRIKA
   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE
   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   ***AFDELING B*** bestaan uit ***DRIE*** opstelvrae.

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA
   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE
   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

3. Beantwoord ***DRIE*** vrae soos volg:

   3.1 Ten minste ***EEN*** moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste ***EEN*** moet 'n opstelvraag wees.

   3.2 Die ***DERDE*** vraag kan 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

4. Die toepassing van kennis, vaardighede en insig word ook in die beantwoording van die vrae getoets.

5. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van bronne as antwoorde.

6. Nommer die antwoorde korrek in ooreenstemming met die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

*Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word vir die beantwoording van die vrae is in die ADDENDUM ingesluit.*

**VRAAG 1: HOE HET PW BOTHA SE REGERING PROBEER OM APARTHEID TE HERVORM OM DIE SWART MEERDERHEID IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE 1980's TE PAAI?**

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D om die vrae wat volg te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Haal 'n bewys uit die bron aan om te bevestig dat Botha se regering nie bereid was om heeltemal van apartheid ontslae te raak nie. (1x1) (1)

1.1.2 Definieer die begrip *hervorming* in jou eie woorde. (1x1) (1)

1.1.3 Gebruik inligting in die bron sowel as jou eie kennis om te verduidelik hoekom die mense vertroue in Botha gehad het om apartheid te beëindig. (2x2) (4)

1.1.4 Lewer kommentaar oor die implikasie van die volgende sin 'swart politieke regte was gevestig in hulle stam-tuislande'. (1x2) (2)

1.1.5 Evalueer die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat Botha se bydrae tot die Suid-Afrikaanse politiek bestudeer. (2x2) (4)

**(12)**

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Wat was volgens dié bron die grootste bedreiging vir veiligheid in Suid-Afrika? (1x1) (1)

1.2.2 Hoe het Botha gepoog om 'n stabiele stedelike swart bevolking te vestig? Verwys na die bron. (3x1) (3)

1.2.3 Verduidelik hoe Botha die swart meerderheid in Suid-Afrika wou paai deur:

(a) Tuislande (1x2) (2)

(b) Raad van state (1x2) (2)

1.2.4 Identifiseer die TWEE bevolkingsgroepe wat verteenwoordiging in Botha se wit parlement verkry het deur sy hervormings. (2x1) (2)

**[10]**

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Hoe het die Vyfde Wysigingswet van die Grondwet van Suid-Afrika die grondwet wat in 1961 aanvaar is, verander? (3x1) (3)

1.3.2 Definieer die term *grondwet* in die konteks van Botha se hervormings. (1x2) (2)

1.3.3 Volgens die bron, watter kriteria is gebruik om kandidate uit te sluit van die verkiesing tot die Presidentsraad? (3x1) (3)

1.3.4 Lewer kommentaar oor die ironie van die stelling, 'Die lede wat deur Botha gekies is, het na bewering 'n 'verteenwoordigende deursnee' van die Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël. (1x2) (2)

**(10)**

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Definieer die begrip *hervorming* in die historiese konteks met verwysing na die spotprent. (1x2) (2)

1.4.2 Wat bewys die reaksie van die Swart persoon in verband met hoe Botha se hervormings in die lokasies (townships) ontvang is? (2x2) (4)

1.4.3 Verwys na Bronne 1C en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C van die bewyse in Bron 1D verskil in verband met Botha se hervormings om die swart meerderheid in Suid-Afrika in die 1980's te paai? (2x2) (4)

**(10)**

1.5 Gebruik die inligting vanuit die bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf, waarin jy verduidelik hoe PW Botha se regering apartheid probeer hervorm het om die swart meerderheid in Suid-Afrika gedurende die 1980's te paai. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORDSAAK VAN DIE CRADOCK VIER HANTEER?**

Verwys na Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die vrae wat volg, te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Hoekom, volgens die bron, is die artikel op 27 Junie 2021 gepubliseer? (1x2) (2)

2.1.2 Identifiseer uit die bron die VIER anti-apartheid aktiviste wat deur die sekuriteitsmagte vermoor is. (4x1) (4)

2.1.3 Definieer die term *aktivis* in die konteks van die Cradock-Vier. (1x2) (2)

2.1.4 Verduidelik hoe, volgens die bron, elke lid van die Cradock-Vier 'die aandag van die sekuriteitsmagte op hulle gevestig het'. (4x1) (4)

**(12)**

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik die begrip *amnestie* in die konteks van die WVK. (1x2) (2)

2.2.2 Waarom is die Cradock-Vier as 'n bedreiging vir die Suid-Afrikaanse apartheid regime in die 1980's gesien? (2x2) (4)

2.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis, lewer kommentaar oor die titel van die artikel, '*Goniwe se moordenaar oortuig dat hy daarmee sal wegkom*'. (2x2) (4)

**(10)**

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Volgens die bron, hoekom het die WVK hierdie plakkaat vervaardig? (2x1) (2)

2.3.2 Lewer kommentaar oor die stelling, 'stap die pad van versoening saam', in die konteks van Suid-Afrika gedurende die 1990's. (2x2) (4)

2.3.3 Watter beperking het hierdie bron vir 'n historikus wat die WVK se hantering van die moord op die Cradock-Vier wil bestudeer? (2x2) (4)

**(10)**

2.4 Verwys na Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik hoekom, met verwysing na die bron, Calata kwaad, woedend en bitter was. (2x1) (2)

2.4.2 Waarom, dink jy, is die voormalige president van Suid-Afrika, FW de Klerk, ook in die moord op die Cradock-Vier geïmpliseer? (2x2) (4)

2.4.3 Verwys na Bronne 2B en 2D. Verduidelik hoe die inligting in albei bronne verskil met betrekking tot die WVK se hantering van die moord op die Cradock-Vier. (2x2) (4)

**(10)**

2.5 Gebruik die inligting vanuit die bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin verduidelik word hoe die WVK die moordsaak op die Cradock Vier hanteer het. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 2: [50]**

## VRAAG 3: WAT IS DIE GLOBALE KWESSIES WAT DEUR DIE G20 IN DIE 21STE EEU AANGESPREEK WORD?

Verwys na Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg te beantwoord..

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Haal 'n bewys uit die bron aan wat aandui dat die G20 tot stand gekom het as gevolg van globale kwessies. (1x1) (1)

3.1.2 Wie, volgens die bron, het gekwalifiseer om die G20 by te woon? (2x1) (2)

3.1.3 Definieer die begrip *finansiële krisis* in die konteks van globalisering. (1x2) (2)

3.1.4 Identifiseer 'n Afrika land wat 'n lid van die G20 is. (1x1) (1)

3.1.5 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van dié bron vir 'n historikus wat die oorsprong en samestelling van die G20 wil navors. (2x2) (4)

**(10)**

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Volgens die bron, wanneer is die Afrika-unie (AU) as 'n lid van die G20 aanvaar? (1x1) (1)

3.2.2 Volgens die bron, wat was die DRIE prioriteite van die Brasiliaanse Beraad van November 2024? (3x1) (3)

3.2.3 In watter VIER internasionale organisasies het die Brasiliaanse Presidensie op hervorming aangedring? (4x1) (4)

3.2.4 Gebruik die inligting in die bron sowel as jou eie kennis om te verduidelik waarom hervorming binne bogenoemde internasionale organisasies nodig was. (2x2) (4)

**(12)**

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Waarom dink jy, verdien Suid-Afrika die Presidensie van die G20? (2x2) (4)

3.3.2 Identifiseer die tema van die Suid-Afrikaanse Presidensie vir die G20. (1x2) (2)

3.3.3 Lewer kommentaar op die implikasie van die stelling, "die komende G20 Presidensie moet 'n paradigmaskuif aanmoedig en die implementering van praktiese oplossings versnel". (2x2) (4)

**(10)**

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik die boodskap van hierdie spotprent met betrekking tot die G20 Presidensie. (2x2) (4)

3.4.2 Gebruik die inligting in die bron sowel as jou eie kennis, om te verduidelik waarom die verteenwoordigers van die lande in die bron op verskillende vlakke sit. (1x2) (2)

3.4.3 Verwys na Bronne 3C en 3D. Hoe weerspreek die twee bronne mekaar met betrekking tot die G20 Presidensie? (2x2) (4)

**(10)**

3.5 Gebruik die inligting vanuit die bronne en jou eie kennis om 'n paragraaf van AGT reëls (ongeveer 80 woorde) te skryf waarin die rol van die G20 in die globale wêreld van die 21st eeu verduidelik word. **(8)**

**TOTAAL VRAAG 3: [50]**

## AFDELING B: OPSTELLE

*Antwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE nie uit hierdie afdeling. Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.*

### VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970s TOT 1980s: SUID-AFRIKA

'Steve Biko is as 'n bedreiging deur die apartheid regime beskou'.

Verduidelik na watter mate Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging die apartheid regime in die 1970's uitgedaag het.

Gebruik relevante historiese voorbeelde om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

'Dit was De Klerk se besluit wat die weg gebaan het vir 'n onderhandelde skikking wat uiteindelik gelei het tot die totstandkoming van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994'.

Bespreek hierdie stelling krities. Staaf jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

'Dit was die val van kommunisme wat grootliks verantwoordelik was vir politieke veranderinge wat na 1989 in Suid-Afrika plaasgevind het'.

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou argument met relevante historiese bewyse. **[50]**

## GROOTTOTAAL: [150]